DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**22 Oktober 2023**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**EREDIENS** Ds. Sarel Venter

**Skriflesing** 1 Timoteus 1: 1 - 7

**Tema** *Blaas die vuur aan!*

**Sang**
Psalm 19: 1, 2
Psalm 31: 4, 5
Psalm 61: 4, 6
Psalm 89: 6, 11
Psalm 134: 4
Psalm 33: 6, 7

**Paulus begin sy tweede brief aan Timoteus deur sy eie roeping as apostel as in ooreenstemming met die belofte van lewe in Christus Jesus uit te lê. Hy is dankbaar dat Timoteus vasstaan in dieselfde geloof wat in sy ouma en moeder was, want dit laat hom in dieselfde lewe deel wat ook in hulle was. Die geheim van 'n oorvloedige geestelike lewe lê in die genadegawe van die Heilige Gees wat ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar 'n gees van krag en liefde en selfbeheersing.**


**Dit is die wonder van die Gees wat ook in Timoteus werksaam is.**

**Daarom, sê Paulus, moet Timoteus die genadegawe van die Gees aanblaas soos jy 'n vuur se kole blaas sodat die vlamme van krag en liefde en selfbeheersing in sy lewe die oorhand kan kry. Dit is veral belangrik, omdat daar lyding op die pad van die evangelie is. Dit beteken aan die een kant – sê v 7 – dat hy weer bewus moet raak van die Gees wat in hom woon. Dit is die Heilige Gees wat werk in Timoteus. Die Gees wil hom aktiveer om staande te bly in die versoekings en vervolgings. Dit beteken aan die ander kant – sê v 6 – dat Timoteus 'n eie veranwoordelikheid het om die genadegawe van God wat in hom is, aan te vuur, soos jy 'n vuurtjie aan die gang kry, sodat die hitte die krag, liefde en selfbeheersing wat die Gees gee, tot sy volle werking kan kom.**

**Een van die dinge wat Timoteus kan doen om die genadegawe van die Gees in hom aan te vuur, sê Paulus, is deur 'n keuse te maak om hom nie te skaam vir die evangelie nie – v 8 – maar sy deel van die lyding vir die evangelie deur middel van die krag van God, te dra.**

**Dit beteken dat jy sy verbintenis aan die boodskap van die evangelie vas moet maak. Hy moet hom nie daarvoor skaam nie – dit is dus sy keuse – nie vir 'n enkele deel daarvan nie, selfs al bring dit hom in botsing met die kulturele en samelewingswaardes van sy gemeenskap. Kortom, hy moet nie terugdeins vir die lyding wat saam gaan met gehoorsaamheid nie. Dan sal hy die krag van die evangelie in hom ervaar, sal hy die krag en die liefde en die selfbeheersing kry wat die Gees in hom sal aktiveer om aan God getrou en gehoorsaam te lewe.**

## OOG VIR MEKAAR




* **Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat herstel na die bestraling van die afgelope twee weke. Ons is dankbaar dat dit goed gaan.**

* **Ons bid vir Sandra Eloff dat haar enkel volledig herstel en dat sy binnekort weer normaal kan funksioneer.**

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 22 Okt 2023

**Diensbeurt:** Wyk 13 **Katkisasie:** Les 23

**Ouderling:** Robert Marroitt **Diaken:** Chris Botha

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n heerlike koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Ma) 23 Okt | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| (Di) 24 Okt | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 25 Okt | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Ma) 30 Okt | 18:00 | *Kerk* | Bedieningskommissie |

**Lede van die Bedieningskommissie moet asb onthou om hulle verslae nie later as Maandag 30 Okt 2023 om 12:00 te e-pos na admin@gereformeerd .co.za . Baie dankie.**




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (So) 22 Okt | *Marisa Linde* | 61 | B | 083 408 2100 |
| (Ma) 23 Okt | Andries Linde<br>Christiaan Hoogendyk | 62<br>42 | B<br>B | 083 250 3902<br>084 802 3323 |
| (Di) 24 Okt | Johann Maré | 43 | B | 081 042 1782 |
| (Wo) 25 Okt | Kruger Oosthuizen | 5 | D | 082 488 7577 |
| (Vr) 27 Okt | Sheryl vd Merwe | 64 | B | 082 475 7667 |
| (Sa) 28 Okt | Nelmarie Venter | 44 | B | 082 752 1637 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (Ma) 23 Okt | Bennie & Sarie Bronkhorst | 47 | 082 808 7670<br>082 819 9164 |
| (Ma) 23 Okt | Mario & Sheralyn vd Merwe | 13 | 082 925 3271<br>084 785 3598 |
| (Di) 24 Okt | André & Sheryl vd Merwe | 42 | 082 453 5366<br>082 475 7667 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.**

**Efesiërs 6:24**

## KOLLEKTES



**Kollektes Oktober 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**8 Okt Emeritaatsversorging**~~
~~**15 Okt Bybelverspreiding**~~
**22 Okt Teologiese Studentekas**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# SENIORBURGER AFSLUITING

***Die susters nooi almal 60 jaar en ouer uit na die jaarlikse Seniorburger Afsluiting.***

**Die afsluiting sal plaasvind op *Woensdag 8 November 2023.* Ons kom so vanaf 11:00 bymekaar om 12:00 behoorlik bederf te word met lekker kos, poeding, koffie en tee ens.**



**Kom kuier saam met ons en kom geniet die middag saam met almal.**

***Om dit vir die susters makliker te maak is daar 'n lys opgesit agter in die portaal om jou naam op te sit.***

**Soos die spreukwoord sê *"If you snooze you loose"* , so voorkom teleurstelling en sit jou naam vroegtydig op die lys.**

**Hoop ons sien almal daar op Woensdag 8 November.**

# DIAKONALE KERSMARK




**Die diakonie beplan om weer ‘n Kersmark te hou op Saterdag 18 November 2023 by die kerk.**

**Ons weet dat die gemeente soos in die verlede OOK die projek sal ondersteun, en daarom vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.**

**Lidmate kan skenkings gee van:**

- **Ou klere,**
- **Bestanddele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekies, beskuit ens,**
- **Pannekoekbestanddele soos meel, eiers en olie, suiker, kaneel ens,**
- **Handgemaakte items vir kersgeskenke,**
- **Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.**

**Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die dag is welkom. Die stalletjie sal jou slegs R200.00 uit die sak jaag, ‘n “bargain” soos min.**

**Vir meer inligting en skenkings, kontak asseblief vir Daleen op 079 490 2678.**

# ALMANAK 2024

**Lidmate wat die Almanak 2024 wil bestel moet asb hulle name op die lys plaas agter in die portaal.**

Daar is slegs **45 Almanak 2024 boeke beskikbaar**.

Die Almanak se koste is **R130.00 per eksemplaar.**




# ATTESTATE ONTVANG

**Die volgende lidmaat word hartlik in die gemeente verwelkom :**

***Belydende lidmate:***

**Hannie Lewis vanaf GK Wierda Park, Centurion asook Magdalena Dorathea Meyer vanaf GK Laeveld, Tzanaan, met dooplidmate Jean Jacob Fevrier en Andy Zwanga Mulokwe**



**Ons hoop dat jy welkom sal voel hier in ons midde.**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## Die saaier saai die Woord. (Markus 4:14)

**Saterdag die 21st Oktober het ons Stap vir Bybels by Akademie Reformia, ter ondersteuning aan die Bybelgenootskap, om die Bybel in gedrukte- en ook in elektroniese formaat beskikbaar te stel in verskillende tale.**




## Kom ons as gemeente begin die Woord saai.

**Ons gebruik die selfoon.**

**"YouVersion"**


**Gaan na "Play Store" app**

**Tik in "YouVersion"**

**Klik op "YouVersion Bible"**

**Klik op Install dan Open**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG VERVOLG)




**Continue with Google**


**or**


**E-Mail**

**Select Bible**

**Select a Language – Afrikaans / of enige van ons amptelike tale.**

**Klik op jou keuse van die Afrikaanse vertaling**




**Onderaan staan**
**Tuisblad, Die Bybel, Leesplanne, Meer keuses**

**Speel rond en ontdek wat daar alles is om jou te help met Bybel- lees, teksvergelykings en veel meer.**

**Kom ons probeer om ten minste vir een persoon die Bybel op sy selfoon af te laai hierdie jaar.**

# EERSTEJAARS-AFSKOFKAMP NWU POTCH



| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

***Sommige het hiervan afgedwaal en in 'n niksseggende gepraat verval.***

***1 Timoteus 1: 6***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS